9. God gee sy wet

Exodus 19 - 33

Die verbond met God

God bind Homself aan sy volk deur met hulle 'n verbond te sluit. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God kies Israel uit as sy eiendom. Hy wil vir hulle 'n God wees.
- Israel sal God se volk wees. Daarom gee Hy sy wette as rigsnoer vir hul lewens.
- Die mens moet aan God se wette gehoorsaam wees.

Israel, die eiendom van die Here

Drie maande nadat Israel Egipte verlaat het, kom die Israeliete in die woestyn Sinai aan. Hulle slaan laer op teenoor die berg Horeb. Die berg Horeb (ook die berg van God genoem) is die plek waar die Engel van die Here die eerste keer aan Moses verskyn het. Die Here het reeds vroeër vir Moses gesê dat die volk Hom nog eendag op hierdie berg sal dien.[50] Die volk gaan die Here hier ontmoet. God maak Hom op 'n besondere wyse aan die volk bekend.

Terwyl die volk laer opslaan, klim Moses teen die berg uit na God toe. Moses kry die opdrag om die volk te herinner aan hoe God hulle uit Egipte verlos het. Hy het hulle beskerm en gedra soos 'n arend sy kuikens beskerm. Omdat hulle God se eiendom is, moet Israel gehoorsaam wees en nie God se verbond verbreek nie. Hulle moet 'n koninkryk van priesters wees wat hul lewe in diens van die Here stel. Die Bybel roep die gelowiges op om as konings en priesters hul lewe aan Hom te wy.[51]

God se doel met die verlossing van sy volk word nou duidelik. God wil in 'n verbond met sy volk leef. Daarom noem Hy Israel sy seun. Hy kies hulle uit sonder dat hulle dit verdien. Hy sal vir hulle 'n God wees. Israel moet God se volk wees en heilig voor Hom leef.

---

50 Ex. 3: 12 En Hy antwoord: Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien.

51 1 Pet. 2: 9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

Die volk se antwoord hierop is dat hulle alles sal doen wat God hulle beveel. Op bevel van die Here maak hulle gereed om God te ontmoet. Hulle reinig hulself en was hul klere. God gee ook bevel aan Moses om 'n grens langs die voet van die berg te trek wat niemand mag oorskry nie. As iemand dit wel doen, moet die skuldige gestenig of met 'n pyl doodgeskiet word.

Die Here verskyn aan sy volk

Op die derde dag sien die volk 'n digte wolk op die berg Sinai. Weerligstrale blits en donderslae weergalm deur die lug. Die volk hoor 'n hemelse trompet weerklink. Toe die Here in 'n vuur op die berg neerdaal, bewe die berg en rook dit soos 'n oond. Moses lei die volk nader na die berg toe. Hulle bewe van angs. Die Here praat hardop met Moses sodat die hele volk dit kan hoor. Op God se bevel klim Moses weer die berg uit. Hy ontvang die opdrag om die volk te waarsku dat niemand, selfs nie die priesters, teen die berg mag uitklim nie. Die gebeure is aangrypend. Die volk sien God se mag en heerlikheid!

Die Tien Gebooie

Terwyl die volk voor die berg staan, kondig die Here sy wet af sodat almal dit kan hoor. Deur die wet rig God alle fasette van sy volk se lewe volgens sy wil. Daarom geld die wet vir alle Israeliete. Twee aspekte tree duidelik in die wet na vore:

- Ons moet God bo alles met hart en siel liefhê.
- Ons moet ons naaste liefhê soos onsself.[52]

God eis dat die volk al sy gebooie onderhou sodat hulle daardeur kan leef.[53] Vanweë die sonde is hulle egter nie in staat om die wet te onderhou nie.[54] Daarom verdien elke mens om deur God gestraf te word.[55]

---

52 Luk. 10: 27 En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

53 Rom. 10: 5 Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

54 Rom. 3: 12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

55 Ef. 2: 3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Wat egter vir die mens onmoontlik is, doen Christus. Die volgende is belangrik:

- As sondelose mens is Christus gehoorsaam aan alles wat God in sy wet vereis.[56]
- Hy dra die straf vir God se uitverkore kinders, wat hulle moes ontvang omdat hulle die wet oortree het.[57]

Daarom is Christus die voleinding van die wet.[58] Die mens leef nie uit sy eie krag nie, maar in Christus.[59]

Die volk bewe in God se teenwoordigheid. Hulle vra Moses om namens hulle met God te praat, want hulle sal sterf as die Here langer met hulle praat. Moses bemoedig hulle en gaan dan na die wolk waar die Here nóg wette aan hulle bekend maak. Moses bly 'n ruk op die berg en skryf al die wette, bepalings en instellinge in 'n boek op. Dit word die "boek van die verbond" genoem.

Die sluiting van die verbond

Toe Moses terug is by die volk bou hy 'n altaar met twaalf klippe rondom. Die twaalf klippe verteenwoordig die twaalf stamme van Israel. 'n Aantal jong manne help hom om 'n paar bulle as dankoffer te slag. Moses vang die bloed op en gooi die helfte daarvan teen die altaar uit. Daarna lees hy vir hulle voor uit die boek van die verbond.

Die volk beloof om hierdie wette en instellings te onderhou. Dan sprinkel Moses die ander helfte van die bloed oor hulle uit. Só sluit God met hulle 'n verbond. Deur die bloed oor sy volk en die altaar te sprinkel, bind God hulle aan Hom. Die bloed is 'n teken dat God die sonde van die volk wegneem en dit wys op die bloed van Christus wat vir sondaars aan die kruis gestort is.[60]

Die Here bevestig opnuut sy verbond met Abraham. Hulle is die volk van die Here wat vir Hom afgesonder, dit is geheilig, word. Uit hulle nageslag sal die Verlosser gebore word, wat die kop van die slang sal vermorsel. Die volk moet aan Hom gehoorsaam wees en Hom alleen dien.

---

56 Heb. 5: 9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword.

57 Heb. 2: 17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.

58 Rom. 10: 4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.

59 Gal. 3: 26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;

60 Kol. 1: 20 en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.

Die kliptafels met die Tien Gebooie

Moses klim weer teen die berg uit. Op bevel van die Here neem hy Aäron en sy twee seuns, Nadab en Abihu, en 70 oudstes van Israel saam. Hulle bly op 'n afstand staan terwyl Moses hoër op klim. Hulle mag die heerlikheid van die Here op 'n afstand aanskou. Daarna hou hulle 'n offermaaltyd as teken van hulle verbintenis met God.

God wil die kliptafels met die Tien Gebooie daarop geskryf aan Moses gee. Josua gaan saam met Moses terwyl Aäron en Hur by die volk agterbly. Toe Moses die berg opklim, oordek 'n wolk die berg sodat die heerlikheid van die Here ses dae lank duidelik sigbaar is. Op die sewende dag roep die Here na Moses vanuit die wolk. God volg dieselfde patroon as wat Hy by die skepping gevolg het.

Vir die volk lyk Moses se ontmoeting met die Here soos 'n vuur wat alles verteer. Moses gaan binne-in die wolk en bly 40 dae en 40 nagte daar. Die Here gee hom die kliptafels met die Tien Gebooie daarop geskryf. Dit is egter nie al nie. Die Here gee aan Moses ook noukeurige voorskrifte vir 'n heiligdom, die tabernakel wat hy vir God moet laat bou. Die Here sal in die tabernakel by sy volk woon.[61] Die woord tabernakel beteken letterlik "tentwoonplek."

Wette van die erediens

Die Here gee nie net die voorskrifte vir sy woonplek nie, Hy wys Moses ook hoe dit moet lyk.[62]

- Die volk moet almal kosbare metale en ander stowwe aan God as 'n offer gee sodat hulle vir die Here 'n woonplek (die tabernakel) daarmee kan bou. God wil by sy volk woon.
- 'n Ark met sy draaghoute moet van akasiahout gemaak en met goud oorgetrek word. Bo-op die ark moet 'n versoendeksel wees wat van suiwer goud gemaak is. Bo-op die versoendeksel moet twee gérubs wees, een aan elke kant. Die gérubs moet met hul vlerke aan mekaar raak sodat hulle die ark met hulle vlerke toevou. Die gérubs se gesigte moet ondertoe kyk. Die Here sal vir Moses sê wat om in die ark te plaas. Vanaf die versoendeksel sal die Here met Moses praat. Dit is die troon van die Here in sy huis.

---

61 Num. 5: 3 Man sowel as vrou moet julle wegstuur; buitekant die laer moet julle hulle wegstuur, sodat hulle nie hul laer verontreinig waar Ek in hulle midde woon nie.

62 Heb. 8: 5 hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

- Die tafel met draaghoute moet van akasiahout gemaak en met suiwer goud oorgetrek word. Op die tafel moet skottels, rookpanne, kanne en bekers wees wat van suiwer goud gemaak is. Op die tafel moet altyd brood wees. Die brood dui daarop dat God alles gee wat nodig is om te lewe. Die brood dui op Christus, wat die brood van die lewe is.[63]
- 'n Kandelaar met 'n voetstuk moet uit een stuk suiwer goud gemaak word. Die kandelaar moet 'n stam, kelkies, knoppe en blomme hê. Hy moet lyk soos 'n takkie wat in bloei staan. Die kandelaar moet presies gemaak word soos God dit vir Moses op die berg gewys het. Die olie van die kandelaar is suiwer olyfolie. Die kandelaar gee lig in die huis van die Here. Net soos die brood wys dit heen na Christus. Hy is die lig vir die wêreld.[64] Daarom word sy volgelinge kinders van die lig genoem.[65]
- Die tabernakel moet van pers, purperrooi en bloedrooi linne gemaak word. Oor die linne moet 'n tentseil van bokhaar gespan word. Rooigeverfde ramsvelle en robbevelle moet weer oor die bokhaarseile getrek word. 'n Voorhangsel verdeel die tabernakel in die Heilige en die Allerheiligste. Die voorhangsel bestaan uit wit linne, en stowwe van koningspers, hemelsblou en bloedrooi. In die Heilige moet die tafel aan die noordekant staan en die kandelaar aan die suidekant. 'n Reukofferaltaar staan in die middel, reg voor die voorhangsel. In die Allerheiligste staan die ark met die versoendeksel.
- In die voorhof staan die brandofferaltaar en sy gereedskap. Die aspotte, skoppe, komme, vurke en vuurpanne is van koper gemaak. Op die brandofferaltaar word die diere wat die priester offer, tot as verbrand. Die totale verbranding dui op die volk wat vanweë hul sonde verdien om deur God uitgedelg te word. In die plek van die sondaar word 'n dier verbrand. Aangesien 'n dier nie vir die sondaar se sonde kan betaal nie, is die dier slegs 'n teken van Christus se verlossingswerk aan die kruis.[66]
- Slegs die priesters mag ingaan in die Heilige-gedeelte van die tabernakel. Vir die volk was die Heilige nie toeganklik nie. Dit was egter vir die gewone Israeliet 'n voorreg om

---

63 Joh. 6: 51 — Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

64 Op. 21: 23 — En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

65 Joh. 12: 36 — So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word. Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg.

66 Heb. 9: 11 en 12 — Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

in die voorhowe van die Here te mag vertoef.[67]

- Aäron word gesalf as die eerste hoëpriester. Hy is die skadubeeld van Christus, ons enigste Hoëpriester.[68] Die hoëpriester moet 'n borstas en 'n skouerkleed dra.
- Dit moet van goud en dieselfde kleure materiaal as die voorhangsel gemaak word. Die borstas word met goue ringe en goue toutjies aan die skouerstukke van die skouerkleed vasgemaak. Op die skouerkleed is twee oniksstene waarop die name van die twaalf stamme van Israel gegraveer is. Ses name op elke steen. So moet die hoëpriester die volk in gedagtenis voor God bring. Op die borstas is twaalf verskillende edelstene, elk met die naam van 'n stam van Israel daarop gegraveer. So moet hy ook die volk op sy hart dra deur vir hulle te bid en te offer. Die twaalf edelstene dui op die waarde wat God aan sy uitverkore volk heg. In die nuwe Jerusalem is die fondament van die stad versier met dieselfde edelstene.[69]
- In die borstas moet Moses die Urim en die Tummim sit. Aäron moet gedurig vra wat God se wil is. Die stene wys vir die volk watter pad hulle moet volg. Daarom word die borstas die "borstas van beslissing" genoem. Beslissing beteken "reg" of "regsuitspraak".
- Onder die skouerkleed dra die hoëpriester 'n mantel en rok wat mooi versier is. Die mantel is pers en aan sy soom is daar granaatjies en goue klokkies. Om die mantel dra hy 'n veelkleurige gordel. Die klokkies moet die hoëpriester herinner om heilig voor God te lewe terwyl die granaatjies dui op die groeikrag wat God gee.
- Op sy kop dra die hoëpriester 'n tulband waarop 'n goue plaat is in die vorm van 'n blom. Op die plaat is die woorde "HEILIG AAN DIE HERE" gegraveer.
- Die hoëpriester dra geen skoene nie. Hy loop kaalvoet uit eerbied vir die Here.
- Op die Groot Versoendag moet die hoëpriester die bloed van 'n offerdier op die versoendeksel van die ark in die Allerheiligste sprinkel. Daardeur doen hy versoening vir die sonde van die volk.
- Die seuns van Aäron moet as priesters dien. Hulle moet rokke, gordels, musse en linnebroeke dra om hul heiligheid voor die Here af te beeld. Hulle werk in die tabernakel waar hulle offers vir die Here bring en voorbidding vir die volk te doen.

---

67 Ps. 84: 3 My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God.

68 Heb. 8: 1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,

69 Op. 21: 19 en 20 En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametís.

- Die priesters moet ingewy word voordat hulle hul dienswerk kan verrig. Hulle moet deeglik gewas word waarna hulle hul priesterklere aantrek. Daarna volg offerandes met handoplegging, bloedbesprinkeling en die stryk van die bloed aan die oorlel, die regterduim en die regtergroottoon.
- Die priesters moet elke dag brandoffers aan die Here offer. Die woord "offer" beteken gawe of geskenk. Deur 'n offer bied die sondaar vir God iets aan as teken dat hy skuldig staan voor God. Verskeie soorte offers word onderskei. 'n Lam moet elke môre en aand as sondoffer geslag word. Saam met die lam moet fynmeel met olie en wyn geoffer word. Hierdie offer dien as versoening vir die volk se sonde. Die offer moet gebring word voordat die volk by die Here mag ingaan. Daarom staan die brandofferaltaar in die voorhof. 'n Dankoffer word weer gebring uit dankbaarheid vir die Here se goedheid en sorg. Die tiendes wat die volk moet gee, vorm deel van die dankoffers.
- Op die reukofferaltaar wat voor die voorhangsel staan, moet elke môre en aand reukwerk geoffer word sodat daar voortdurend 'n aangename reuk hang. Die reukwerk versinnebeeld die gebede van die heiliges wat voortdurend tot God as 'n lieflike geur moet opstyg.[70]
- Alle persone wat ouer as 20 is, moet 'n halfsikkel betaal as versoeningsgeld vir hul sonde. Die geld moet gebruik word vir die diens in die tabernakel.
- In die voorhof, tussen die brandofferaltaar en die tabernakel staan die koperwaskom. Die priesters moet hul hande en voete daarin was voor hulle in die tabernakel ingaan. Die water dui, soos by die doop, op die afwassing van sondes.[71] Die priesters moet gewas word sodat hulle heilig voor God kan staan. Na die regverdigmaking by die brandofferaltaar volg die heiligmaking by die waskom.
- Moses ontvang verder instruksies hoe om olie te maak waarmee heilige persone en voorwerpe gesalf moet word. Dit bestaan uit mirre, kaneel, kalmoes en kassie wat met olyfolie gemeng word. Verder ontvang hy instruksies vir die maak van die reukwerk wat op die reukofferaltaar gebrand moet word. Dit bestaan uit storaksgom, naeltjies, gálbanum, wierook en sout.
- Die volk kry weer die opdrag om die sabbat te onderhou as 'n ewige verbond en teken tussen die Here en Israel. Hulle moet ook hul landerye elke sabbatsjaar (sewende jaar) laat rus en alle slawe vrystel en grondbesit herstel in die jubeljaar (50ste jaar). Die volk moet die Pasga vier as herinnering aan die uittog uit Egipte en 50 dae later die Pinksterfees. Tydens die Pinksterfees word die eerste graan van die nuwe oes aan die Here geoffer.

---

70 Op. 5: 8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.

71 Hand. 22: 16 En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

Om al die kunswerk uit te voer stel God twee kunstenaars aan. God self maak Besaleël en Oholiab bekwaam om die mooi voorwerpe en klere te vervaardig.

Nadat Moses al die opdragte van die Here ontvang het, gee God aan hom die twee kliptafels waarop Hy met sy vinger sy wet geskryf het. Omdat Moses so lank weg bly om God se voorskrifte rondom die erediens te ontvang, stel die volk egter hul eie erediens in.

Die goue kalf

Toe Moses lank wegbly, begin die volk twyfel of Moses ooit weer sal terugkom. Hulle voel verlore sonder hom. Daarom eis hulle dat Aäron vir hulle gode maak wat voor hulle kan uittrek. Hulle wil nog die Here dien, maar hulle wil 'n beeld van God hê wat hulle kan sien. Aäron gee opdrag dat hulle hul goue oorringe vir hom bring¸ Hy giet daarvan 'n beeld van 'n goue kalf en sê aan die Israeliete dat dit die god is wat hulle uit Egipte verlos het. Daarmee bedoel hy die Here. Dit is egter nie ware godsdiens nie maar afgodery aangesien hulle God op 'n eiewillige wyse wil aanbid.[72] Die Here se almag kan nie in beelde vasgevang word nie. Daarom verbied God in sy wet enige beeldediens.[73] God wil in gees en in waarheid aanbid word.[74]

God vertel reeds op die berg aan Moses wat in die laer gebeur en dat Hy in sy woede die volk wil verteer. Hy wil uit Moses 'n nuwe nasie voortbring. Moses smeek die Here om genade. Daardeur wys hy dat hy waarlik priester vir sy volk is. Hy soek nie sy eie eer nie, maar die eer van die Here. Hy is bang dat die Egiptenaars met God sal spot as hulle hoor dat die Israeliete vernietig is. Moses herinner die Here aan sy beloftes aan die aartsvaders. Na Moses se pleidooi het die Here berou oor die onheil wat Hy oor sy volk wou bring. Die volk bly behoue, nie op grond van hul eie dade nie, maar op grond van God se genade.

Toe Moses by Josua kom, sê Josua dat daar 'n oorlogsgeraas uit die laer kom, maar Moses is seker dat hy die geluid van beurtsang hoor. Toe Moses naby die laer kom, sien hy die goue kalf en die volk wat daaromheen dans.

---

72 1 Sam. 15: 23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

73 Ex. 20: 4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

74 Joh. 4: 24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Hy is so kwaad dat hy die kliptafels op die grond stukkend gooi. Hy spreek Aäron streng aan en gee opdrag dat die goue kalf verbrand moet word. Hy maal dit fyn en gooi die as in die water en laat die volk dit drink.

Daarna gaan staan Moses in die poort van die laer en roep almal wat vír die Here is, na hom toe. Al die seuns uit die stam van Levi versamel by hom. Hy stuur hulle tussen die volk in en hulle maak omtrent 3000 man met hul swaarde dood. Daarna word aan die Leviete die priesterdiens toegewys. Na die gebeure mag nie meer alle mans in Israel offers bring nie, maar net Aäron en sy nageslag.

Moses tree op as voorbidder vir die volk

Die volgende môre wys Moses die volk op die groot sonde wat hulle begaan het. Miskien kan hy vir hul sonde versoening doen. Hy gaan pleit weer by die Here om hul sonde te vergewe. Die Here wil 'n engel stuur om hulle verder te lei, maar Moses hou aan pleit dat die Here self weer hul Leidsman moet wees. Die verbond wat die volk verbreek het, moet hernuwe word. Moses is selfs bereid om in die plek van die volk te sterf, maar God wil Moses nie straf vir die sonde van die volk nie. Die volk toon ook hul berou deur al hul versiersels af te haal.

Moses slaan sy tent buite die laer op en noem dit die tent van samekoms. Later word die tabernakel ook die tent van samekoms genoem. Hy gaan by sy tent in om met God te praat. Die wolkkolom bedek die ingang van die tent, terwyl die volk almal by hulle tente neerbuig. So pleit Moses elke dag totdat die Here hom genade bewys en toestem om weer saam met die volk op te trek. Die verbond is herstel. Moses is ook hier die skadubeeld van Christus, wat by God pleit vir die sondaars, soos Moses vir die volk gepleit het.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 217 – 229 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 113 – 119 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 160 – 170 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 234 – 249 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 92 - 97 p.